# “DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 2.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."
Johannes 1:14

## 10 Januarie 2021

HARTLIK WELKOM!
Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

## EREDIENS VANDAG: Dr. Petrus Venter

**Eerste diens: 9h30**
**LITURGIESE GEGEWENS**
**Skriflesing:** Eksodus 28:31-43; Eksodus 39: 22-31
Teks: **Eksodus 28: 33-34; 36; Eksodus 39: 25-26**
**Sing- INTROÏTUS: Ps. 65:1, 8**
**TYDENS EREDIENS: Ps. 23:1,3; Ps. 92:4; Ps. 65:6; Ps. 45: 1,6,7**

**KLOKKIES EN GRANAATJIES ONDERLANGS EN BOONOP ’N BLOM OP ’N HOED BOLANGS**

- Wat sit agter die klokkies en granaatjies?
- Wat is daar op Äron se kop?

---

**LEERPREDIKING**
**Regstreekse internet-uitsending**
Ons sal die Leerprediking DV in 2021 weer vanuit die pastorie hervat.

Ons het gevorder tot by Sondag 22.

**Voorsang**
Ps 65: 1, 8

**Ontmoetingsdiens**
Votum en seën
Lofsang: Ps. 23: 1, 3
Twaalf Artikels

**Verootmoediging- en versoeningsdiens:**
Wet: Deuteronomium 5
(2020 Bybel Direkte Vertaling)
Sing: Ps.92:4

**Gebed**
**Woorddiens**
Sing: Ps. 65:6
**Skriflesing:** Eksodus 28:31-43; Eksodus 39: 22-31
**Teks: Eksodus 28: 33-34; 36; Eksodus 39: 25-26**

**Preektema**

**KLOKKIES EN GRANAATJIES ONDERLANGS EN BOONOP ’N BLOM OP ’N HOED BOLANGS**

**Dankgebed**
Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Bybelverspreiding

Sing: Ps. 45: 1, 6, 7

**Uitstuurseën**

## KOLLEKTES

**Vandag**: 10 Januarie 2021
In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure**: Bybelverspreiding**
**Sondag:** 17 Januarie 2021
In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Emeritaatsversorging**
***U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...***

Snap here to pay
SnapScan

## WYK – DIENSBEURT

Vandag – 3 Januarie 2021: Wyk 8
- **Ouderling**: Br Ferreira Meyer
- **Diaken**: Br Barend Snyman
- **Wyksusters**: Sr Cecile de Kock

Volgende week – 17 Januarie 2021: Wyk 1
- **Ouderling:** Br Leendert Snyman
- **Diaken**: Br Wikus Snyman
- **Wyksusters**: Sr Miemie Snyman
-

## MEELEWING

- Mag opregte dankbaarheid en blydskap vandag en die res van die seisoen (en jaar) ons deel wees vir die wonderlike reën wat in groot dele in groot hoeveelhede die aarde by ons en rondom ons kon natlei. Niks wat ons kon verdien nie en tog het die Here voorsien (vgl. Sondag 10 Heidelbergse Kategismus)

## VERJAARSDAE

Woensdag 13 Jan Mari Pretorius
Woensdag 20 Jan Wolfie Reinecke
Woensdag 20 Jan Truia Venter
Woensdag 20 Jan Nic v/d Walt

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

| | |
|---|---|
| Gemiddelde bydrae per bydraende eenheid per maand | R663.00 |
| Persentasie bydraende eenhede per maand | 67% |
| Werklike inkomste | R687 956.00 |
| Werklike uitgawes | R732 902.00 |
| Tekort | R-44 946.00 |
| Ramings per lidmaat per jaar | R543.29 |
| Kermis tot op datum | R133 311.00 |
| Steak etes tot op datum | R10 955.00 |

**Finansiële inligting 1 Maart 2020 tot en met 31 Oktober 2020. Vir enige navrae kontak Finansiële kommissie.** Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

## ADMINISTRASIE

Die finansiële kommissie het op 'n buitengewone vergadering besluit dat die administratiewe pos vir die huidige vakant gelaat word. In die lig van die finansiële omstandighede en tekorte op ons begroting is ons deels tot hierdie besluit gedwing. Dr. Venter sal Maandae en Vrydae poog om van 9h00 tot 12h00 van die noodsaaklike administrasie te hanteer waar hy dan by Kerkkantoor beskikbaar sal wees, tensy u anders deur WhatsApp ingelig is. Die reëling sal in werking tree met die opening van die skole volgende jaar.

## ALGEMENE KERKNUUS

**GKSA NUUSBROKKIES**

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: http://bit.ly/2SxThy0

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.
U kan dit aflaai by http://bit.ly/2D0uRqf
Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by https://bit.ly/3j1e2xT

## KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by http://bit.ly/2KhypYe
**Laerskool-kategese ... Ons is besig met die rooster vir 2021. Dr. Venter sal poog die Laerskool kategese in die oggende dan na ons erediens aan te bied.**

**Hoërskool – kategese sal weer hervat as skole begin het. Ons het verlede jaar 20 lesse op die wyse kon afhandel. Ons vertrou dat die katkisante wat nie altyd kon byhou en wie se kategese nie op datum is nie wel in die tyd wat voorlê kan inhaal. Mag ons wanneer ons weer hervat almal op datum wees?**

## DORKAS- SUSTERS

### HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.
Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook in die tyd 'n groot bydrae tot HJV kon maak.

## BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord**.** Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. **Ons het in 2020 deur die boek Rut kon werk, ons het die verskillende bedieninge van die Here se verbond hanteer en is daar verlede jaar gekyk na 14 gebede vanuit die Here se Woord. Ons vertrou om die reeks rondom die gebede voort te sit ná hierdie vakansie...**

## PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondae om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by http://www.pretoriafm.co.za .
Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by http://bit.ly/2NuDyOX
Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

# ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onsself daaroor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by http://bit.ly/2Q0Ccw1

# KERKRAADSAKE

**VERGADERINGS:**

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV 24 Februarie 2021 plaas.

# KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg
E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za
Tel: 053 313 3710
Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae (9h00-13h00)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Predikant | Dr. Petrus Venter | 084 704 2348 | ds@gksa-postmasburg.co.za |
| Skriba | Oudl. Leendert Snyman | 083 286 8496 | leendert@webmail.co.za |
| Admin Beampte | Vakant | 084 704 234 8 | admin@gksa-postmasburg.co.za |
| Voorsitter: Diakonie | Diak.Dawie Schoeman | 082 782 2537 | dawie@xmedia.co.za |
| Koster | Br. Louis Calitz | 083 775 3058 | 076 147 6772 |
| Kassier | Oudl. Lukas Potgieter | 079 695 0555 | lukaskathu@gmail.com |
| ***Ons gemeente se webwerf en faceboek-blad is soos volg:*** | | | |
| http://www.gkpostmasburg.weebly.com | | | |
| http://bit.ly/2Ydk7wK | | | |

# STASTISTIEKE VORIGE SONDAG

| | |
|---|---|
| Erediens bywoning | |
| Kollekte: Diens van barmhartigheid | |
| Kollekte: Bediening vir PMG | |

# GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

| Rekening | Rekeningnommer |
|---|---|
| Alle bydraes (Dankoffers) | 2130-3400-35 |
| Diakonie | 2130-28-0008 |
| Dorkas-susters | 407-382-6782 |
| Kermisinbetalings | 90-9779-4784 |
| Steak-ete inbetalings | 91-4771-8016 |

Snap here to pay
SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za